Sentrum vir
GRONDWETLIKE
REGTE

SGR VERWELKOM INGRYPING DEUR HOOFREGTER MOGOENG

Adv Johan Kruger, Direkteur: Sentrum vir Grondwetlike Regte

Die Sentrum vir Grondwetlike Regte (die SGR) verwelkom Hoofregter Mogoeng Mogoeng se ingryping in verband met die onlangse vlaag ongevraagde aanvalle op die integriteit en die onafhanklikheid van die Regbank deur senior lede van die Kabinet en die regerende party.

Die Hoofregter se besluit om 'n dringende vergadering van senior regters te belê om hierdie kommerwekkende ontwikkelings te bespreek - met inbegrip van die Uitvoerende Gesag se oënskynlike voorafbepaalde besluit om nie 'n hofbevel van die Hoë Hof betreffende die al-Bashir-saak na te kom nie - is belangrik vir ons grondwetlike demokrasie en die Oppergesag van die Reg in Suid-Afrika. Ons verwelkom en ondersteun die Hoofregter se besluit, na afloop van 'n versoek deur die hoofde van die howe en senior regters van alle Afdelings, om met die President te vergader ten einde die onlangse aanvalle op die Regbank deur die Uitvoerende Gesag en sommige politici, sowel as die regering se oënskynlike minagting vir hofbevele te bespreek.

Die Grondwet is die hoogste reg in die land en enige optrede is onderhewig aan die Grondwet. Politiek is nie verhewe bo of verwyderd van die Grondwet nie, maar is daaraan onderhewig. Die Parlement en die Uitvoerende Gesag verkry hul magte en bevoegdhede van die Grondwet - magte en bevoegdhede wat ook deur die Grondwet beperk word en onderhewig is aan geregtelike ondersoek.

Die Regbank het 'n grondwetlike plig om die Grondwet te onderhou, om wetgewing kragtens die Grondwet uit te lê en om enige wetgewing of optrede wat strydig met die Grondwet of die reg is, ongeldig te verklaar. Gevolglik en ondanks die leerstelling van die skeiding van magte, is die Regbank die finale gesag oor die uitleg van die Grondwet en die reg. Geen persoon of staatsorgaan mag by die funksionering van die Howe inmeng nie, en moet die Howe bystaan en beskerm ten einde die onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid, toeganklikheid en doeltreffendheid van die Howe te beskerm. Daarbenewens bind 'n hofbevel of besluit deur 'n Hof alle persone op wie en staatsorgane waarop dit betrekking het. Dit is tyd vir die Hoofregter om hierdie boodskap duidelik aan die President, die Uitvoerende Gesag en die Parlement oor te dra. Ons grondwetlike demokrasie maak daarop staat.